

Sondag 22 Julie

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:22-33
(1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:31, 32;
Heidelbergse Kategismus 41:108**

Die huwelik: 'n verbond en geheimenis!

In vers 31 haal Paulus Genesis 2:24 aan waar God die huwelik ingestel het: *“Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word.”*

Hierdie instelling van die huwelik wys ons daarop dat die huwelik 'n verbond is. 'n Verbond is 'n permanente en wetlike verbintenis tussen mense. Die huwelik is 'n verbond waar die man en vrou hulle ouerhuise verlaat om 'n nuwe en permanente eenheid te vorm. Geslagsgemeenskap is 'n uitdrukking van die eenheid in die huweliksverbond.

Die woord egbreuk beteken: geslagsgemeenskap (en alles wat daarmee verband hou) buite die huweliksverbond. Wanneer jy getroud is en jy beoefen geslagsgemeenskap buite die huwelik, dan pleeg jy egbreuk. Egbreuk is egter ook geslagsgemeenskap sonder 'n verbond. As jy geslagsgemeenskap beoefen sonder dat jy getroud is, pleeg jy ook eg-breuk.

'n Gelowige man en vrou wat in 'n huweliksverbond is, gebruik geslagsgemeenskap om vir mekaar te sê: “Ons is met liefde aan mekaar verbind!” Maar in 'n gelowige huwelik gaan dit ook oor meer as die verbintenis tussen mekaar. Ons lees dit in vers 32: *“Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente.”* Elke ge-lowige huwelik is 'n teken – al is dit maar net gedeeltelik – van die wonderlike verhouding tussen Christus en sy kerk.

Daarom is onkuisheid nie net verkeerde geslagsgemeenskap nie, maar ook wanneer man en vrou nie werklik in Christus een is nie. God roep ons dus om Christus die sentrale plek in ons huwelike te gee sodat ons huwelike 'n afbeelding kan wees van die verhouding tussen Hom en sy kerk.

Sing: Psalm 128-1:1, 2

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai)